




# Storybooks South Africa

[global-asp.github.io/storybooks-southafrica](https://global-asp.github.io/storybooks-southafrica)

## Die Koning van die Voëls

Written by: South African Folktales  
Illustrated by: Wiehan de Jager  
Translated by: Robin Neuhoff

This story originates from the African Storybook ([africanstorybook.org](https://africanstorybook.org)) and is brought to you by Storybooks South Africa in an effort to provide children's stories in South Africa's many languages.




This work is licensed under a Creative Commons Attribution 3.0 International License.  
<https://creativecommons.org/licenses/by/3.0>

(imageless edition)




✎ South African Folktales  
🔒 Wiehan de Jager  
📄 Robin Neuhoff  
😊 Afrikaans  
📖 Level 3

## Die Koning van die Voëls







Een dag, lank gelede, het al die voëls bymekaar gekom en 'n vergadering gehou. Hulle wou 'n koning hê, net soos die mense en die diere. Die vraag was watter voël sou hulle kies om hulle koning te wees?



Uil was baie verleë omdat hy die voeltjie laat ontsnap het. Nou jag hy net in die nag en deur die dag slaap hy, weg van die ander voëls af.




“Dit moet Arend wees,” sê die een. “Hy is so sterk en koninklik!” “Nee. Hy het geen kroon nie en wanneer hy roep, klink hy te hartseer,” sê ‘n ander. “Dan moet Volstruis wees want hy is die grootste van al die voëls en hy brul soos ‘n leeu,” roep nog een uit.




Maar die son was warm en Uil het vinnig aan die slaap geraak. Die klein voeltjie het skelm uit die gat geloer, gesien dat Uil vas aan die slaap was, en z-z-izp, weg is hy!




“Ek dink EK moet koning wees,” stel Pou trots voor. “Maar ék het die grootste oë van alle voëls en dus moet ek koning wees,” pleit Uil. “Nee Uil. Nie jy nie,” skree die voëls. “Jy slaap wanneer die son skyn.”



“Met jou groot oë moet jy ‘n ogie hou op die gat en as Neddikkie uit kom, moet jy hom vang,” sê die voëls vir Uil. En so het Uil voor die gat gaan sit om wag te hou.




En so het hulle met 'n gekwetter  
voortgestry en nie juis gevorder nie. Toe  
kry een voël 'n blink idee. "Die een wat die  
hoogste kan vlieg, kan koning wees," sê  
sy. "Jai jai!" skree almal en vlieg hoog in die  
lug op.




Die klein voëltye het gesien hoe kwaad  
hulle was, en voor hulle iets kan doen, vlieg  
hy vining in 'n lee slanggat in.




Gans het vir een dag reguit oor die hoogste berge gevlieg. Arend het vir twee dae bo-oor die berge gevlieg. Maar Aasvoël het vir drie hele dae reguit in die son in gesweef sonder om te stop.




Met die klein voëltjie onder sy vlerk, sweef Aasvoël terug grond toe. Die ander voëls was baie kwaad vir Neddikkie. Hulle het op hom gewag, reg om al sy vere uit te pluk.




Hoog bo hulle hoor die voëls hoe Aasvoël  
uitroep, "Ek is die hoogste! Ek is koning!"



Maar weereens, onder sy vlerk skuil die  
klein Neddikkie: "Tienk, tienk, tienk,  
Dit is ek, die kleinste een! Ek is julle  
koning!" Aasvoël was die keer te moeg om  
nog verder te vlieg.



Maar toe hoor Aasvoël 'n piepklein stemmetjie net bo sy kop. "Tienk, tienk, tienk! Ek is die hoogste! Ek is koning!" Dit was klein Neddikkie. Hy het die hele tyd aan aasvoël se vlerke vasgeklou soos hy in die lug gesweef het.



"Jy sal my nie weer wen nie," sê arme Aasvoël en sweef weer in die lug op. Hy vlieg hoër en hoër totdat hy nie meer kon nie. "Ek is hoër as enige ander voël. Ek is julle koning!" roep hy triomfantelik uit.